higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N4

(22020034)

31 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

133Q1J2131

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EKONOMIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Alle grafieke moet duidelik benoem word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

QUESTION 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die belangrikste aanwyser wat deurlopend gebruik word om 'n land se ekonomiese welvaart te meet/evalueer, is die …

A BNI
B BNP
C BBB
D BBP

1.1.2 Die herstel van die ekonomie tot 'n vorige of beter posisie staan bekend as …

A spits.
B herstel.
C trog.
D resessie.

1.1.3 'n Objektiewe feit of aankondiging is 'n … verklaring.

A posisie-
B normatiewe
C Keynesiaanse
D monetaristiese

1.1.4 Die konsep *geleentheidskoste* …

A kan op die ontleding van enige besluitnemingsproses toegepas word.
B is slegs in ekonomie relevant.
C verwys slegs na werklike betalings en inkomste.
D is van toepassing op verbruikers maar nie op firmas nie.

1.1.5 'n Skaalopbrengs verwys na veranderings in uitset wanneer alle faktore op langtermyn in dieselfde verhouding verhoog word as wat dit … kan word .

A verhoog.
B konstant gehou.
C verlaag.
D Al die bogenoemde.

1.1.6 Die konvekse vorm van die onsydigheidskromme kan uitgedruk word aan die hand van die wet van …

A dalende grensnut.
B vraag.
C dalende grensvervangingskoers.
D vervanging.

1.1.7 Die belangrikste bepalende faktor vir hoeveel huishoudings sal verbruik, is …

A rentekoers.
B inkomste.
C smaak en voorkeure.
D beskikbaarheid van produkte.

1.1.8 'n Patent wat aan iemand die eksklusiewe reg verleen om 'n produk te vervaardig, is 'n kenmerk van 'n … monopolie.

A kunsmatige
B natuurlike
C plaaslike
D oppervlakkige

1.1.9 Vraagstukke wat op 'n arbeidsmark betrekking het, sluit in …

A huur.
B lone.
C wins.
D rente.

1.1.10 Die basiese ekonomiese probleem is …

A die bevolkingsontploffing.
B te veel owerheidsverkwisting.
C die skaarsheidprobleem.
D prysstegings.

(10 × 2) (20)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Voortdurende prysstygings wat tot 'n afname in die koopkrag van geld lei, staan bekend as …

1.2.2 Wanneer 'n mynmaatskappy die reg huur om goud te myn, staan die betaling wat dit ontvang bekend as …

1.2.3 Die aanbod van grond is …

Kopiereg voorbehou

1.2.4 Selfs al lewer 'n onderneming geen uitsette nie, moet dit steeds … koste dra.

1.2.5 'n Toename in vraag lei daartoe dat die vraagkromme na … skuif.

(5 × 2) (10)

1.3 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n Wetenskap wat die verhouding tussen doelwitte en skaars middele bestudeer, is (makro-ekonomie/ekonomie).

1.3.2 Goedere wat gebruik kan word om ander te vervang in die bevrediging van soortgelyke behoeftes, is (substituut-/komplementêre) goedere.

1.3.3 Bevrediging wat 'n mens kry deur 'n produk te verbruik, staan bekend as (nut/waarde).

1.3.4 Arbeidstyd word hoofsaaklik bepaal deur die (lengte/massa) van die werksdag asook die werker se produktiewe lewensduur.

1.3.5 Monopolie kan in twee tipes geklassifiseer word, naamlik (fisies/natuurlik) en kunsmatig.

(5 × 2) (10)

1.4 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Kapitalisme	A	hoeveelheid gevra verander
1.4.2	Elastiese vraag	B	produksiefaktore word deur individuele mense en ondernemings besit
1.4.3	Besparings	C	doelwit van enige winsgeoriënteerde firma
1.4.4	Winsmaksimering	D	onbestede deel van die inkomste
1.4.5	Langtermyn	E	tydperk van 'n jaar wanneer pryse te hoog is
		F	tydperk waarin 'n firma al sy produksiefakture kan verander

(5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B


Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1 Noem VIER produksiefaktore en hul vergoedings. (4 × 2) (8)

2.2 Evalueer die rolle van die huishoudingsektor in die ekonomie. (8)

2.3 Bestudeer die diagram hier onder en beantwoord die vrae wat volg:



2.3.1 Vir watter doel word die produksiemoontlikheidskromme gebruik? (2)

2.3.2 Hoeveel ton koring en hoeveel ton staal sal by punt B geproduseer word? (2)

2.3.3 Waarom word produksie by punt G as ondoeltreffend beskou? (4)

2.4 Verduidelik die term *begrotingslyn.* (3)

2.5 Bespreek enige VYF faktore wat verbruiksbesteding deur huishoudings bepaal. (15)

2.6 Onderskei tussen *komplementêre goedere* en *substituutgoedere.* (2 × 2) (4)

2.7 Noem enige TWEE regte wat verbruikers het. (2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 3

3.1 Noem enige TWEE hooftipes markstrukture. (2)

3.2 In tabelvorm, vergelyk die VYF kenmerke van 'n volmaakte mark met dié van 'n monopoliemark. (20)

3.3 Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

PRYS(R)	HOEVEELHEID GEVRA	HOEVEELHEID AANGEBIED
50	500	100
100	400	200
150	300	300
200	200	400
250	100	500

3.3.1 Teken die vraag- en aanbodkrommes. (6)

3.3.2 Hoeveel is die ewewigsprys? (2)

3.3.3 Hoeveel is die ewewigshoeveelheid? (2)

3.3.4 Bereken die oormaatvraag teen die prys van R100. (4)

3.4 Beskryf enige VYF faktore wat die elastisiteit van vraag beïnvloed. (5 × 2) (10)

3.5 Noem die wet van aanbod. (4)

[50]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die term *verandelike koste.* (2)

4.2 Die volgende tabel verteenwoordig die totale inkomste van 'n firma. Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae:


HOEVEELHEID (EENHEDE)	PRYS (R)	TOTALE INKOMSTE (R)	GRENSINKOMSTE (R)
15	**5**	**75**	
16	**5**	**80**	
17	**5**	**85**	
18	**5**	**90**	
19	**5**	**95**	

4.2.1 Bereken die grensinkomste van hoeveelhede 15 en 16. (4)

4.2.2 Hoeveel is die grensinkomste vir elke ekstra addisionele eenheid van die produk wat verkoop word? (2)

4.2.3 Verduidelik waarom die MR-kromme van 'n onvolmaakte mark onder die vraagkromme is. (4)

4.3 Bestudeer die grafiek hier onder en beantwoord die vrae wat volg.



4.3.1 Identifiseer die winsmaksimeringspunt in die grafiek. (2)

4.3.2 Bereken die totale wins of verlies van 'n monopolis soos in die grafiek uitgebeeld wanneer 100 eenhede verkoop word. Toon al jou berekenings. (8)

4.4 Onderskei tussen *korttermynkoste* en *langtermynkoste.* (2 × 4) (8)

4.5 Beskryf enige VIER kenmerke van arbeid. (4 × 2) (8)

4.6 Hoe verskil nominale lone van reële lone? (6)

4.7 Noem enige DRIE kenmerke van natuurlike hulpbronne. (6)

[50]

VRAAG 5

5.1	Verduidelik die term *kapitaalmark.*		(4)
5.2	Beskryf die VYF kenmerke van kapitaalmarkte.	(5 × 2)	(10)
5.3	Gee die VYF nadele van monopoliefirmas.	(5 × 2)	(10)
5.4	Noem enige VYF struikelblokke tot toetrede in die monopoliebedrywe.	(5 × 2)	(10)
5.5	Bespreek enige VIER oorsake van markmislukking.		(12)
5.6	Noem die TWEE tipes produksiefunksie.	(2 × 2)	(4) **[50]**

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou